



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

NOVEMBER 2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1
- Dit is geweld wat voortspruit uit ongelyke geslagsrolle en magsverhoudings. Dit is gewortel in geslagsongelykheid, magmisbruik en skadelike norme
 - Die oorweldigende meerderheid slagoffers is vroue as gevolg van hulle sogenaamde ondergeskikte status in die samelewing.
 - In sommige gevalle word mans ook slagoffers van GGG.
 - Dit sluit enige handeling of dreigement deur mans in wat fisiese, sielkundige of seksuele skade veroorsaak.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(2)

- 1.2
- Sielkundige of emosionele mishandeling: teistering, dreig om die kinders van haar weg te vat, haar van haar familie isoleer.
 - Verbale mishandeling: haar name noem, haar in die teenwoordigheid van ander mense te verneder.
 - Seksuele mishandeling: om die slagoffer te dwing om 'n seksuele daad uit te voer wat hy/sy nie wil nie.
 - Geestelike mishandeling: om die slagoffer se geestelike oortuigings te verkleineer, hom/haar nie toe te laat om die plek van aanbidding te besoek wat hy/sy verkies nie.
 - Kubermishandeling: die slagoffer word dikwels verneder of afgepers deur die oortreder
 - Finansiële mishandeling: die slagoffer toegang tot die gesin se finansies te beperk of toegang onredelik te beperk.

LET WEL: In al die bogenoemde voorbeelde is die slagoffer en die oortreder van verskillende geslagte.

(12)

- 1.3 Die volgende is van die hooforsake van GGG:
- **Godsdienstige en kulturele norme:**
 - Wanneer mans beheer oor vroue se gedrag verkry.
 - **Assosiasie met portuurgroep wat geweld voorstaan/goedpraat.**
 - Die oortreder sien geslagsgebaseerde geweld as 'n manier om konflik op te los.
 - **Huwelksgeweld te aanskou en om as 'n kind mishandel te word.**
 - Aanvaarding van geweld as 'n manier om konflik op te los.
 - **Armoede, lae sosio-ekonomiese status, gebrek aan opleiding/onderwys en werkloosheid.**
 - Die slagoffer sal aan lae selfbeeld ly, en nie in 'n posisie wees om sy/haar regte uit te oefen nie
 - **Patriaargale samelewing:**
 - Manlike beheer van rykdom en besluitneming in die gesin / Rigiede geslagsrolle met gepaardgaande manlike dominansie.
 - **Middelmisbruik, soos dwelms en alkohol.**
 - Vermindering in selfbeheervlakke, wat gesinsgeweld vermeerder.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

Merk slegs die eerste drie antwoorde

(12)

- 1.4
- Impak op die gesondheid van vroue: fisiese en sielkundige gesondheidsprobleme, bv. gestremdheid, angs, vrees, selfmoord
 - Ekonomiese en maatskaplike impak: verwerping en maatskaplike stigma, verminderde vermoë om aan maatskaplike en ekonomiese aktiwiteite deel te neem.
 - Die impak op vroue se gesinne en afhanklikes: egskeiding, gebroke gesinne en familie se ekonomiese en emosionele ontwikkeling word in gevaar gestel.
 - Die impak op die skuldiges, staan voor inhegtenisneming en gevangenskap, verhoogde spanning in die huis.
 - Die impak van GGG op die groter samelewing: las op die gesondheids- en regstelsels.
 - GGG veroorsaak ook boendoe-geregtigheid lei, waar die oortreder aan die slagoffer se familie/gemeenskap bekend is.
 - Terwyl die oorgrote meerderheid van GGG slagoffers vroue is, word daar herken dat mans ook slagoffers van GGG kan word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.
Merk slegs die eerste drie antwoorde.**

(12)

1.5 VOORBEELD 1: ISLAM

- Volgens Islam het vroue wetlik die reg om sake te doen en om eiendom te erf.
- Die vrou se eiendom behoort uitsluitlik aan die vrou. Die man mag dit nie sonder haar toestemming gebruik nie.
- Die Koran beskryf mans en vroue as 'kledingstukke' wat mekaar beskerm, verfraai (mooi maak) en mekaar vertroue en bemoedig.
- Islam het die praktyk verban waar families vroue erf wanneer die man sterf.
- Volgens Islam is vroue nie veronderstel om te behandel te word asof hulle nie gelyke status binne die huwelik en in die samelewing het nie.
- Die Koran doen 'n beroep op mans om nie vroue met egskeiding te dreig nie.
- Mans is die onderhouers/beskermers van vroue (Koran 4.34).

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- Die verering van vroulikheid wat in hulle geloof vertoon word, onthul 'n inherente respek vir vroue en dus 'n afkeuring van GGG.
- Hindoes glo dat die moeder die belangrikste en waarlik goddelik is.
- Hulle aanbid God as Moeder, elke vrou word dus beskou as die manifestasie van die Goddelike Moeder.
- Vroue moet tydens elke lewenstadium beskerming kry.
- Reinheid, selfbeheersing en toewyding is waardes wat aan mense en vroue toegeskryf word.
- In die woorde van Swami Vivekananda: 'Dit is nie moontlik vir die voël om met net een vlerk te vlieg nie.'
- Die stelling dien as voorbeeld van die geloof dat man en vrou twee vlerke van dieselfde voël is en dus is 'n man onvolledig sonder 'n vrou.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)
[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1

VOORBEELD 1: ISLAM

- Volgens die Koran het Allah die heelal in ses fases geskep.
- Allah voorsien die energie en alles wat die heelal nodig het vir oorlewing.
- Volgens Islam is die bestaan van die heelal nie toevallig nie.
- Die lewe is nie doelloos nie, dis beplan met 'n bepaalde doel.
- Elke verskeidenheid plant- en dierspesies in die wêreld speel 'n belangrike rol in die ekostelsel.
- Nuwe vorme van lewe word voortdurend geskep en funksioneer volgens vasgestelde goddelike wette.
- Die heelal is nie ewigdurend nie, dit het 'n vasgestelde tydsduur.

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

- Boeddhiste glo dat die wêreld nie op enige tydstip geskep is nie.
- Die wêreld word miljoene keer elke sekonde geskep en sal vanself voortgaan om dit te doen.
- Die wêreld sal vanself wegbreek.
- Volgens Boeddhisme verskyn en verdwyn die wêreldstelsel altyd in die heelal.
- Die heelal waarin ons woon, bestaan al vir 'n enorme lang tydperk en moontlike vir 'n eindelose tydperk.
- Die verduideliking van die ontstaan van die wêreld is nie 'n kwelling in Boeddhisme nie.
- In die oë van Boeddha is die wêreld niks behalwe Samsara nie – die siklus van herhaalde geboorte en sterfte.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)

2.2

- Inspirasie is 'n belangrike normatiewe bron in baie godsdienste.
- Dit vorm die basis van heilige tekste.
- Dit is die ware oorsprong van alle gelowe.
- Dit bevestig die kanonitiese leringe van alle gelowe.
- Inspirasie verwys na die mag of krag van 'n buitengewone wese wat 'n uitverkose wese oorneem.
- Die stigtersfigure van baie godsdienste is deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer.
- Sulke mense voel dat hulle 'n openbaring vanaf 'n buitengewone wese ontvang het.
- In die Afrika Tradisionele Godsdienste ontvang die mediums of waarsêers (isangomas) terwyl hulle in 'n beswying is.
- Inspirasie is 'n kragtige motivering vir die volgelinge van 'n godsdienste.
- Daar is verskeie tipes inspirasie, naamlik:
 - Goddelike inspirasie wat direk en onmiddellik is en deur die stigters van godsdienste geïnspireer is.
 - Kontemporêre inspirasie wat deurlopend is en dien om aanbidders met hulle Skepper te verenig.
 - Mediums en waarsêers in die ATG kommunikeer met die geestelike ryk deur inspirasie.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(12)

2.3 Grammatika en historiese konteks

- Dit beteken die geskryfte moet verstaan word binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin die teks geskryf is.

Duidelikste betekenis

- Die betekenis wat die duidelikste vir die leser is, moet oorweeg word.

Betekenis van woorde

- Die betekenis van woorde verander dikwels met tyd en konteks.

Plan, doel en konteks

- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in ag geneem word.

Figuurlike taal

- Figuurlike taal wat in heilige tekste gebruik word, moet nie letterlik vertolk/geïnterpreteer word nie.

Ander heilige tekste

- Heilige tekste kan gebruik word om ander heilige tekste oor dieselfde onderwerp te interpreteer aangesien daar konsekwentheid tussen die leringe van 'n godsdiens en die heilige tekste daarvan is.

LET WEL: Gee krediet aan enige TWEE van die bogenoemde.

(8)

2.4 2.4.1

ROOMS KATOLIEKE	PROTESTANT
<ul style="list-style-type: none"> • Die Rooms-Katolieke Kerk beskou hulleself as die oorspronklike kerk van Christus. • Die Heilige Gees kom van God die Vader en die Seun. 	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle glo dat geloof die sleutel tot verlossing is. • Verlossing is die geskenk wat vrylik deur die werk van Jesus Christus, wat vir sondaars gesterf het, gegee word.
OOSTERS ORTODOKS	
<ul style="list-style-type: none"> • Hulle glo dat hulle die regverdig geleide kerk is. • Die Heilige Gees kom slegs van God, die Vader, en nie die Seun nie. • Die Oosters-Ortodokse Kerk voeg nie die Seun by nie want hulle glo dat dit die Vader en die Seun superieur bo die Heilige Gees maak. 	

(12)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.
 LET WEL: VIER punte word toegeken vir die noem van TWEE vertakings en AGT punte vir verskille. Indien slegs een vertakking bespreek word, mag 'n maksimum van SES punte toegeken word.**

2.4.2

ROOMS KATOLIEKE	PROTESTANT
<ul style="list-style-type: none"> • Die hoof van Katolisisme is die Pous. • Die magsentrum is in Rome (Vatikaan). • Die kerk word bestuur op gemeentevlak deur priesters, dekanies deur dekens, bisdomme deur biskoppe en aartsbisdomme deur aartsbiskoppe. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die kerke word bestuur deur ingewyde predikante en biskoppe of verkose ouderlinge. • Oorhoofse bestuur is deur 'n hoër gesag soos 'n sinode of algemene vergadering, onder voorsitterskap van die biskop. • Sommige Protestante Kerke is onafhanklik en is nie verantwoordelik aan 'n hoër gesag as die gemeente nie.
BESTUUR IN ORTODOKS-CHRISTELIKE GODSDIENS	
<ul style="list-style-type: none"> • Die verskil tussen die Katolieke en Ortodokse Kerke is dat die laasgenoemde nie die leierskap van die Pous aanvaar nie. • Gesag binne die kerk is in die hande biskoppe en aartsbiskoppe. • Hulle word bestuur deur ingewyde predikante, priesters, biskoppe en aartsbiskoppe. • Hulle ingewyde geestelikes mag trou: hulle hoef nie selibaat te wees nie. 	

(8)

2.4.1

VOORBEELD 2: BOEDDHISME

THERAVADA-BOEDDHISME	MAHAYANA-BOEDDHISME
<ul style="list-style-type: none"> • 'Anatman' beteken dat die ego/self voorkom dat ons verlig word en Nirvana bereik. • Theravada-Boeddhisme leer ons dat verligting deur 'n individuele poging en nie deur ingryping van ander of deur die gode plaasvind nie. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die volgelinge van Mahayana streef daarna om Bodhisattva te word, (iemand wat tot die diens van die verligting van ander is). • Hulle glo aan kollektiewe verligting.

(12)

2.4.2

THERAVADA-BOEDDHISME	MAHAYANA-BOEDDHISME
<ul style="list-style-type: none"> • Theravada-Boeddhisme is een kompakte vertakking met min of geen afwyking in verskillende dele van die wêreld nie. • Die klooster het groter betekenis in Theravada-Boeddhisme as ander vertakings. 	<ul style="list-style-type: none"> • Elke groep van die Mahayana-Boeddhisme word deur 'n senior monnik bestuur. • Die senior monnik word bygestaan deur die raad van senior monnike en soms senior nonne.

(8)
[50]

VRAAG 3

- 3.1.1
- Die wetenskaplike teorie van die skepping van die heelal word die Oerknalteorie genoem.
 - Wat voor die Oerknalteorie bestaan het, is nie bekend nie.
 - Daar was 'n groot ontploffing in die ruimte en binne sekondes het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
 - Dit het alles omtrent 13.7/ 15 miljard jaar gelede gebeur.
 - Klein temperatuurverskille in die aanvanklike ontploffing het tot uiteenlopende digthede deur die hele heelal gelei.
 - Dit het uiteindelik in trosse materie en energie gevorm.
 - Dit het eindelose versamelings sterre gevorm, wat ons sterrestelsels noem.
 - Sommige sterrestelsels het in 'n kombinasie van sterre en planete gekondenseer wat sonnestelsels genoem word.
 - Ons aarde behoort aan een van die sonnedtelsels.

(12)

3.1.2 **VOORBEELD 1: TAOÏSME**

- In Taoïsme het die wêreld en alles daarin outomaties as deel van die aktiwiteit van die Tao ontstaan gekom.
- Dit is nie beplan nie, maar dit is nie onbeplan nie.
- Die Tao het nie beplan dat die wêreld bestaan nie, maar ook nie dat die wêreld nie bestaan nie.
- Die wêreld het eenvoudig te voorskyn gekom as 'n klein spikkeltjie in die enorme 'kom' van skepping soos die Tao op sy weg voortgegaan het.
- Volgens Taoïsme bestaan die wêreld uit prosesse van skepping en vernietiging.
- Die Taoïstiese beskouing van die heelal is grotendeels op hulle waarneming van die natuurlike en mense-wêreld gebaseer.

VOORBEELD 2: HINDOEÏSME

- Vir Hindoes is die heelal self die Skepper.
- Die Skepper bestaan in óf 'n aktiewe óf 'n passiewe toestand.
- Die passiewe toestand is 'n toestand van rus, wanneer niks gebeur nie.
- Na 'n baie lang tydperk raak die Skepper weer aktief.
- Dit is wanneer deel van die heelal anders as ander dele word en skepping begin.
- Hindoes vertoon dikwels skepping as 'n dans.
- Die veranderende heelal is die dans van die Skepper.

(12)

3.2 3.2.1 **BOEDDHISME**

- Boeddhisme het nie enige skeppingsverhaal nie.
- Boeddhiste gee daarom nie om wat wetenskaplikes sê oor hoe die heelal en mense ontstaan het nie.
- Boeddhisme glo ook dat alle lewe voortdurende transformasie en evolusie behels.
- Hulle het aan evolusie geglo lank voor Westerse wetenskaplikes het.
- Hulle glo aan die kontinuïteit van alle lewende wesens.
- Dit verduidelik waarom Boeddhisme nie 'n probleem met die idee dat menslike wesens uit meer primitiewe, primate-vorms ontwikkel het nie.
- Dit stem ooreen met ander Oosterse gelowe.

(8)

3.2.2 CHRISTELIKE GODSDIENS

- Konserwatiewe Christene interpreteer die Bybel nogal letterlik.
- Hulle verwerp die idee dat mense dalk uit aapagtige vorme geëvolueer het.
- Hulle glo dat God vir Adam en Eva as die eerste mense op aarde geskep het.
- Hulle glo verder dat die mens volgens God se beeld geskep is.
- Darwin se teorie word dus gesien as 'n teenstelling tot die Bybelse weergawe van die Skepping
- Sommige Christene glo dat die Bybel simbolies, en nie letterlik nie, geïnterpreteer moet word.
- Hierdie mense glo dat daar geen konflik tussen wetenskap en godsdiens bestaan nie.
- Die Christelike respons is dieselfde soos die van die ander twee Abrahamitiese gelowe: die konserwatiewes verwerp Darwin se teorie, terwyl die liberales meer buigsaam is oor die interpretasie van heilige geskrifte

(10)

3.2.3 HINDOEÏSME

- Hindoes het geen probleem met evolusie nie omdat hulle glo dat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hindoes glo dat hulle 'n meer gevorderde teorie van evolusie as die wetenskaplike teorie het.
- Hindoeïsme verskaf 'n meer omvattende beskouing van evolusie, omdat dit nie beperk is tot die fisiese nie maar ook geestelike evolusie insluit.
- Hindoes glo dat jy oor beide jou geestelike en fisiese evolusie beheer het.
- Volgens Hindoeïsme, as jy 'n goeie lewe lei, sal jy geleidelik evolueer (ontwikkel) deur baie wedergeboortes totdat jy geestelik gevorderd is.
- Retrogressie van die siel is ook moontlik.
- Terwyl Hindoeïsme nie 'n probleem met Darwin se teorie het nie, is die hooffokus op geesterlike evolusie/retrogressie

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(8)
[50]

VRAAG 4**4.1 VOORBEELD 1:**

- **AGNOSTISISME**

- Agnostisisme kom van die Grieks 'a' wat 'sonder' beteken en 'gnosis' wat 'kennis' beteken.
- Dit verwys na die onsekerheid oor kennis van God.
- Die term is in 1869 die eerste keer deur 'n filosoof, genoem TH Huxley, gebruik.
- Darwin se teorie van menslike evolusie het die idee van 'n oppermagtige Skepper uitgedaag en 'n alternatiewe wêreldbeskouing vir agnostikusse verskaf.
- Agnostikusse glo dat dit onmoontlik is om te bewys dat God of 'n bonatuurlike wese bestaan, of nie.
- Agnostikusse is skepties oor godsdienstige lerings.
- Hulle verwerp godsdienstige doktrine (leerstellings); veral godsdiens wat beweert dat hulle kennis van die goddelike het.

VOORBEELD 2:

- **ATEÏSME**

- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike wesens bestaan.
- daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie aktief die bestaan van 'n bonatuurlike wese nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese beskouings te ondersteun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings afhang van bewyse om hulle bewerings te staaf.
- Ateïste wend hulleself dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik, eerder as om op geloof staat te maak.

(12)

4.2 VOORDELE

- 'n Sekulêre wêreldbeskouing lei tot die skeiding van godsdiens en staat.
- Ontwikkeling van demokratiese regering.
- Sekulêre wette word die hoogste wette in die wêreld.
- Die meeste godsdienstige mense het by die sekulêre beskouing aangepas deur die skeiding van godsdiens en die staat te aanvaar.
- Dit bevorder vryheid van gewete en geloof (oortuiging).
- Dit verskaf 'n raamwerk van beginsels en etiese riglyne vir die lewe.
- Die samelewing het die vryheid om die gesaghebbendheid van godsdienstige lerings te bevraagteken.
- Sekulêre beskouings het tot die ontwikkeling van die wetenskap en tegnologie in die samelewing gelei.
- Dit bevorder vryheid van spraak waar die samelewing oor sommige van die tradisionele gelowe (oortuigings) kan debatteer en dit bevraagteken.
- Sekulêre beskouings het tot die ontwikkeling van die Universele Verklaring van Menseregte gelei.
- Dit voorkom die dominansie van een godsdiens oor ander.

NADELE

- Dit ondermyn die rol van godsdiens.
- Dit verskaf 'n alternatiewe stel norme en waardes.
- Die teenstrydige waardes skep verwarring in die samelewing.
- Instellings soos die huwelik en gesinslewe word as minder belangrik beskou want dit is tradisioneel op godsdienstige lerings gebaseer.

LET WEL: 'n Maksimum van TWAALF punte kan toegeken word as slegs 'voordele' of slegs 'nadele' bespreek is.

Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(16)

4.3.1 **VOORBEELD 1: TAOÏSME**

- Taoïste het 'n gesofistikeerde idee van die aard, of wat ons dalk 'goddelikheid' noem.
- Taoïsme verkondig dat dit onmoontlik is om goddelikheid volkome te beskryf.
- 'Tao' beteken 'pad/weg'. Dit het eers pad/weg, soos 'n 'pad/weg in 'n veld' beteken. Toe het dit verander om die 'pad/weg waarlangs die sterre reis', te beteken. Uiteindelik het dit geword die 'pad/weg van die heelal'.
- Die godheid is groot en skepping gebeur binne-in dit.
- Alle dinge kom van wees, en wees kom van nie-wees.
- Taoïsme verklaar dat nie-wees die toppunt of die beginpunt van alles is – dit is groter, in 'n sekere sin, as wees.
- Die goddelike is enorm en ruim. Skepping gebeur binne-in en giet/loop daaruit.
- Alles bestaan uit twee magte: jin en jang.

VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS

- Christene glo in die bestaan van opper- en goddelike wese wat as God bekend staan.
- God is ewigdurend wat beteken dat God nie 'n begin of einde het nie.
- God self is nie geskep nie want Hy is die bron van alle lewe.
- God manifesteer as drie persone. Hierdie doktrine (leerstelling) word die "heilige Drie-eenheid" genoem.
- God die vader is die skepper en beheerder van alles in die heelal.
- God die Seun is die Bevryder/Verlosser van die mensdom.
- God die Heilige Gees is die raadgewer van Christene en verdedig/bepleit hulle saak.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)

4.3.2 VOORBEELD 1: TAOÏSME

- Die Taoïstiese standpunt oor die dood is dat ons die lewe moet waardeer om die dood te aanvaar.
- Wanneer ons besef dat dit die sikliese prosesse is wat die lewe wonderlik maak, word dit makliker om die lewe te aanvaar.
- In hierdie godsdiens is die doodeenvoudig 'n proses van transformasie waar jy van een vorm in 'n volgende oorgaan.
- Dit beteken dat jy van die begin af deel was van die heelal en sal voortgaan om 'n vreugde en 'n hartseer te wees.
- In die Taoïstiese beskouing moet jy nie vir die doodbang wees nie, jy moet die spot dryf daarmee.
- In hierdie godsdiens het jy nie die lewe na die dood in een of ander hemel of die soort lewe na die dood wat in Hindoeïsme gevind word, nodig nie.
- Jy word net getransformeer en eindig iewers anders op.

VOORBEELD 2: CHRISTELIKE GODSDIENS

- Volgens die Christelike godsdiens hou die lewe nie met die dood op nie, dit gaan voort na die graf.
- Diegene wat sterf, gaan 'n nuwe fase, genoem die paradys, binne.
- Sondaars gaan hel toe waar hulle gestraf word.
- Op die Laaste dag sal die gewone wêreld nie meer bestaan nie, God sal heers.
- Slegs diegene wat volgens die wil van God gelewe het, sal die ewige lewe beleef.
- Die dood is nie die einde van die lewe nie maar 'n fase op die reis van die mensdom.
- Opstanding gee betekenis aan die lewe. Daar is 'n Opstandingsdag waartydens die goeie en bose volgens hulle handeling in hierdie wêreld vergoed sal word.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(12)
[50]

VRAAG 5

- 5.1
- Suid-Afrika het 'n nuwe konstitusie aangeneem wat die Handves van Regte bevat.
 - Die Handves van Regte verklaar dat almal die reg op vryheid van godsdien, geloof/oortuiging en mening/opinie het.
 - Almal word deur die Konstitusie beskerm om sy/haar eie geloof/oortuigings te beoefen.
 - Artikel 9, die gelykheidsklousule, verbied onregverdig diskriminasie op verskeie gronde, godsdien ingesluit.
 - Die Menseregtekommissie ondersoek gevalle van onregverdig diskriminasie, godsdien diskriminasie ingesluit.
 - Die skoolkurrikulum skerp ook begrip en verdraagsaamheid van alle godsdienste in.
 - Dit word gedoen deur vakke soos Lewensoriëntering en Religiestudies.
 - Die nasionale uitsaaier, die SABC, verskaf godsdienstige dekking van alle godsdienste.
 - Tydens die opening van die Parlement verbind verskeie godsdienstige leiers hulle aan die Grote Godheid.
 - Vierings van openbare vakansiedae word deur godsdienstige leiers van verskillende gelowe hanteer. (10)
- 5.2
- Die Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika fokus op Christen-Moslem-verhoudinge.
 - Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Suid-Afrika fokus op die saambring van alle godsdienstige leiers en hulle gemeenskappe in 'n gemeenskaplike verbintenis tot vrede. (4)
- 5.3
- Die saambring van godsdienstige gemeenskappe, die burgerlike samelewing, die privaat sektor en die regering.
 - Gee opdrag vir vergadering van godsdienstige leiers wat die IFAPA-besluite neem.
 - Organiseer van substreeksberade.
 - Stigting en registreer van nasionale takke/afdelings.
 - Stuur intergeloofsdelegasies na konflikrisiko-gebiede.
 - Deelname aan die wetgewende verkiesing in Togo.
 - Organiseer uitruilbesoeke tussen landmynslagoffers en -oorlewendes uit Ethiopië, Suid-Soedan en Uganda.
 - Deelname aan die Wêreld Maatskaplikeforum wat in Kenia (2007) gehou is.
 - Stuur 'n vrouedelegasie na Noorse lande.
 - Vorming van IFAPA-vrouenewerk.
 - Organiseer die Nakanyoni-jeugvredeskamp.
 - Hou die eerste kontinentale intergeloofsjeugkonsultasie.
 - Stigting van streeks-Jeugnetwerk. (14)

- 5.4
- Die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste is in 1893 in Chicago in die Verenigde State van Amerika gehou.
 - Die hoofdoelwit was om 'n wêrelddialoog van gelowe te skep.
 - Die Parlement is in 1993 weer in Chicago gehou.
 - Die doelwit was om godsdienste nog nader aan mekaar te bring.
 - In die vergadering is die verklaring met die titel 'Towards a Global ethic' geskep.
 - Die 1999-Parlement is in Kaapstad gehou.
 - Die doel wat om te fokus op die hantering van MIV/Vigs.
 - Die Parlement is in 2004 in Barcelona, Spanje, gehou.
 - Die hoofdoelwit was hoe om kwessies soos geweld, veilige water en vlugtelingte aan te pak.
 - Die 2007-Parlement het bespreek hoe armoede uitgewis kan word.
 - Die Parlement het in 2009 in Melbourne, Australië, byeengekom.
 - Die Parlement het versoening van Australiese inboorlinge ('Aborigines'), volhoubaarheid en globale aardverwarming, soos deur inheemse godsdienste verstaan, hanteer.

(10)

- 5.5
- Die Parlement van die Wêreld se Godsdienste is doeltreffend want leiers van verskillende godsdienste is nou in staat om eenstemmig teen godsdienstige geweld in die wêreld te praat.
 - Hulle kon in 1999 'n intergeloofskoalisie organiseer om onwettige wapenhandel in die agterbuurte van Brasilië te hanteer wat gelei het tot 'n sterk wet ,wat onwettige wapenverkope keer.
 - Die Parlement van Wêreld Godsdienste wat in Barcelona gehou is, is deur 8 000 mense uit baie verskillende godsdienste en geestelike tradisies bygewoon.
 - Hierdie diversiteit en inklusiwiteit toon die harmonieuse verhouding tussen godsdienste.
 - Dit het takke oor die wêreld wat aktief betrokke is by die oplos van godsdienstige en burgeroorloë in daardie lande.
 - Die raad van die Parlement van die Wêreld se Godsdienste het 'n netwerk van intergodsdienstige bewegings in vennootstede oor die hele wêreld gestig.
 - Hulle het 'n vennootskap met ander sektore van die samelewing soos UNESCO in die Verenigde Nasies.
 - Die parlement het egter nie statutêre magte nie. (Dit kan nie wetgewing promulgeer of afdwing nie.)
 - Daarom vertrou dit op die samewerking van die owerheid om doeltreffend te wees.
 - Die doeltreffendheid van die parlement is proporsioneel aan godsdienstigheid (belangstelling in godsdienste).
 - Soos wat godsdienstigheid oor die wêreld afneem, so neem die doeltreffendheid van die parlement af.

(12)
[50]**TOTAAL: 150**